



**SA BOERPERD  
TELSERGENOOTSAP / BREEDERS' SOCIETY**  
*The Ideal Sporting and Pleasure Horse*

**AANBIEDING VAN SA BOERPERD SKOUE & STREEKKAMPIOENSKAPPE DEUR  
INSTANSIES, KLUBS OF SKOUGENOOTSAPPE**

***PRESENTATION OF SA BOERPERD SHOWS & REGIONAL CHAMPIONSHIPS BY  
INSTITUTIONS, CLUBS OR SHOW SOCIETIES***

1. Skriftelike aansoek om 'n skou onder die beskerming van die Genootskap aan te bied, moet jaarliks aan die Raad van die SA Boerperd Telersgenootskap gerig word.  
*To present a show under the auspices of the Society, written applications must be submitted annually to the Board of the SA Boerperd Breeders' Society.*
2. Skriftelike goedkeuring moet verkry word van die Raad vir die datum van so 'n skou.  
*Written notice and approval for the dates of the show must be submitted to the Board.*
3. Instansies / streke / organiseerders is self verantwoordelik vir verkryging van borge, rosette, ens.  
*Institutions / regions / organisers will be held responsible for obtaining of sponsorships, rosettes, etc.*
4. Die bepaalde en vasgestelde minimum klasse moet aangebied word tydens Streek- en Nasionale Kampioenskappe. Verdere byvoegings tot die klaslys berus by die diskresie van die organiseerders.  
*Minimum classes as prescribed are compulsory for Regional- and National Championships. Additional classes can be included according to the discretion of the organisers.*
5. Senior Beoordelaars en baanbeamptes moet gereël word en aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.  
*Senior Judges and officials must be booked and submitted to the Board for approval.*
6. Instansies / streke / organiseerders is verantwoordelik vir enige kostes met betrekking tot die aanbieding.  
*Institution / regions / organisers are responsible for all costs with regard to the presentation of the show.*
7. Genoeg en aanvaarbare fasiliteite moet beskikbaar wees vir die aanbieding.  
*The facilities of the venue must be adequate and acceptable.*
8. Aanbieders sal vir reklame en advertensies verantwoordelik wees.  
*The presenters of the show will be responsible for their own advertising and marketing.*
9. Skou inskrywings word verkieslik elektronies gedoen, maar faks- en e-pos inskrywings word ook aanvaar. 'n Skakel word op die webblad geplaas vir elektroniese inskrywings. Ander inskrywings word gerig aan die persoon deur die Raad aangewys / goedgekeur, wat ook op die inskrywingsvorm aangedui sal word.



*Entries can be done electronically (preferably), as well as by means of a fax or e-mail. A link will be placed on the webpage for each show. Other entries will be submitted to the person appointed / approved by the Board, which will be indicated on the electronic entry form.*

10. Inskrywingsfooi kan aan die skou organiseerders betaal word.  
*Entry fees can be accepted by the presenters of the show.*
11. Die primêre doel van 'n SA Boerperd skou is om die SA Boerperd as ras te bevorder, sowel as om die Genootskap se beeld uit te bou.  
*The principal aim of a SA Boerperd show is to improve the SA Boerperd as breed & brand, as well as to promote the SA Boerperd Society's profile.*
12. Streekkampioenskapskoue is onderhewig aan die SA Boerperd Telersgenootskap se skoureëls en regulasies.  
*Regional Championship shows are subject to the show rules & regulations of the SA Boerperd Breeders' Society.*
13. Inligting van die skoue/kampioenskappe moet aan alle lede van die SA Boerperd Telersgenootskap deurgegee word d.m.v. elektroniese media, *Communicator* en webblad.  
*Information of shows/championships must be communicated to all members of the SA Breeders' Society by means of electronic media, "communicator" and web page.*
14. Die skouprogram en tydskedule moet minstens 1 week (7 dae) voor aanvang van die skou op die SA Boerperd webblad gepubliseer word en moet op aanvraag beskikbaar wees.  
*The show program and time schedule must be available on request, as well as published on the SA Boerperd web page at least 1 week (7 days) before its commencement.*
15. Uitsonderings sal slegs gemaak word met goedkeuring van die Raad.  
*Exceptions to the above rules can only be approved by the Board.*

